



Boran is antwoord tot volhoubare boerdery

'n Suid-Kaapse boer sê die Boran-ras is ideaal vir die ekstensiewe toestande in dié deel van Suid-Afrika.

Klimaatsverandering het mnre. Eloff en Stephen Muller van Mosselbaai in die Suid-Kaap laat besluit hulle wil 'n meer volhoubare benadering tot hul beesboerdery volg. Hul veld wissel van suur bergveld (die grootste deel van hul grond) tot die soeter veld nader aan die kus. Die reënval wissel van 400 mm tot 600 mm per jaar.

Ná deeglike navorsing het hulle op die Boran-ras vir hul Tambaraine-kudde besluit. Dié ras bied 'n bykomende teelopsie vir Suid-Afrikaanse beesboere vanweë sy unieke genetiese samestelling. Die Boran-ras bestaan uit 64% *Bos indicus*, 24% Europese *Bos taurus* en 12% Afrika-*Bos taurus*. Die Boran-ras kan derhalwe broodnodige basterkrag aan *Bos taurus*- en *Bos indicus*-rasse bied. Sover bekend is die Boran aan geen ander beesras verwant nie. Dit is dus die ideale kruisbees.

“Ons ervaring is dat wanneer daar 50% tot 75% Boran-invloed in die kommersiële koei is, is dit die ideale moederlyn om met groot-raamrasse te kruis of om verder na suiwer Borane op te teel,” sê Eloff.

Proewe in Nebraska in Amerika het bewys die Boran en Boran-kruise presteer beter as ander Seboe-rasse wat betref die sagtheid van die vleis, marmering en oogspieroppervlakte.

VOORDELIGE EIENSKAPPE

Eloff sê die ras is geskik vir die ekstensiewe toestande in die Suid-Kaap ten opsigte van voeromsetting, gehardheid en geboortege-

mak. Die ras is ook bekend om sy goeie moedereienskappe. Die verhouding van die gewig van die koei tot die gewig van haar speenkalf raak 'n belangrike ekonomiese punt aan, naamlik die kilogram vleis of wins per hektaar. Borankoeie speen op 205 dae gemaklik kalwers wat 50% of meer van die koei se gewig is.

Eloff sê die koeie is besonder langlewend. “Dit is nie ongewoon dat 'n koei van 15 jaar en ouer steeds in produksie is nie.”

Die Boran is 'n mediumraam-ras wat gehard is en goeie weerstand teen bosluisoordraagbare siektes bied. Rooiwater, galsiekte en hartwater kom algemeen in die gebied voor. “Ons bespaar baie aan dip en ander veeartsenykoste. Ons het selde nodig om te dip en die Borane op ons plaas is nog nooit deur 'n sprei- of dompeldip nie.”

Veldstudies toon die Boran het 'n baie laer bosluistelling as ander rasse wat op dieselfde weiding wei. Borane vereis min sorg en dit beperk produksiekoste. Hulle hoef ook nie ekstra voeding te kry nie en is lig op lek.

“Die diere is glad nie selektiewe vreters nie. Hulle wei dus gemaklik op die suur- en fynbosveld wat vir die meeste ander diere onaanvaarbaar is. Ons sien ook die Borankoei het die vermoë om baie vinnig te herstel ná die speen van haar kalf en ná 'n droogte.”

Borane verduur die hoë dagtemperatuur in dié gebied in die somer besonder goed. Hulle het meer sweetgaatjies as ander rasse. Die voue in die vel vergroot die veloppervlakte en dit dra daartoe by dat hulle hoë dagtem-



BO: Boran-beeste word selde onder bome aangeref omdat hulle die hoë dagtemperatuur in die somer goed kan verduur. FOTO: ANDRÉ PRETORIUS FOTOGRAFIE

LINKS: Mnr. Eloff Muller. FOTO: VERSKAF

peratuur kan weerstaan. “Jy tref hulle selde onder die bome aan,” sê Eloff.

Borane het goeie, donker pigmentasie en sterk oogbanke wat hulle teen die son, stof en die *Moraxella bovis*-ooginfeksie beskerm, soos gereeld bewys word waar met Borane en blesbokke geboer word. “As jy volhoubaar wil boer, is die Boran-ras jou antwoord.”

PRESTASIE TOETSING

Die Tambaraine-kudde is ten volle prestasietoets en dit is 'n waardevolle hulpmiddel in Eloff se seleksieprogram. Die verse kalf die eerste keer wanneer hulle 31 maande oud is en die gemiddelde tussenkalfperiode van die kudde is 390 dae.

Die kudde is ook deur SA Stamboek met 'n silwer-eerbewys beloon in die Elite-kompetisie vir Vleisboer van die Jaar. In 2013, 2014 en 2015 is die Tambaraine-kudde aangewys as die Borane se Groot Kudde van die Jaar.

Die volgende Tambaraine Boran-produksieveiling word in November in die Tambaraine-veulingslokaal op Winburg in die Vrystaat gehou. **LBW**

NAVRAE: E-pos: elloffmuller.cm@gmail.com; webwerf: www.tambaraineboran.co.za; sel 082 4166 518. Die Boran-telersgenootskap: Webwerf: www.boran.org.za; tel. 051 410 0966/0951.